

GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

Kleuter- en Laerskool

Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
Telefoon: (012) 332-3222 x1
e-posadres: gsdg@gsdp.org.za
Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
Webwerf: www.gsdg.org.za



Hoërskool

Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
Telefoon: (012) 332-3222 x2
e-posadres: hsadmin@gsdp.org.za
Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
Webwerf: www.gsdg.org.za

INFO: 16 OKTOBER 2020

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

Welkom terug by die skool. Kwartaal 4 het aangebreek. 'n Kwartaal vol werk, toetse en eksamens. Voor ons ons oë uitvee is ons reeds by die einde van die jaar.

In hierdie Info ontvang u, vir die laerskool, hierdie kwartaal se eksamendatums. Die formele assessering moet reeds op 27 November afgehandel wees, sodat ons die punte teen 2 Desember by die departement kan inhandig.

Die skool sluit nie direk na die eksamen, soos gewoonlik nie. Ons sal steeds die week van 29 November tot 4 Desember gebruik vir hersiening en opvoedkundige uitstappies wat as gevolg van die inperking nie gedurende die jaar kon plaasvind nie. Die kleuter- en laerskool sluit vir die leerlinge op 4 Desember en die leerlinge ontvang op 11 Desember hul rapporte.

Die skool open op 18 Januarie 2021 vir die personeel en op **20 Januarie 2021** vir die leerlinge. GSDP open een week vroeër as die datum van die departement en GSDP het besluit om die Maartvakansie met een week te verleng, dus vanaf 27 Maart tot 12 April. Ons het hierdie besluit geneem, omdat die laaste week oor 'n langnaweek val. In die verlede het dit gepaardgegaan met heelwat uitdagings.

Dit is baie moeilik om aan die res van 2021 se skoolkwartale te verander, aangesien die hoërskool afhanklik is van datums vanaf die departement - veral met betrekking tot die matrikulante se rekord- en eindeksamen.

Ons verwelkom Alexander (gr 2) en Clarinda (gr RRR), kinders van ds Jonker en mev Erika Venter by ons skool. Ons hoop dat julle baie gelukkig by die skool sal wees.

Ons het met leedwese verneem van die afsterwe van:

- Mev Susan Mathee, die vrou van Ryno en die moeder van Jonet (gr 2) en Sulé (gr 1). Mev Mathee het op die GSDP-Bestuur gedien.
- Mnr Martin Boerrigter, die oupa van die Boerrigter- en Haak-kleinkinders in GSDP.

Ons gebed vir hierdie gesinne en hul geliefdes is dat ons Hemelse Vader u in Sy sorgende hande sal dra, krag sal gee en sal vertroos in hierdie tyd van rou.

Dirkie-groete

Mnr HJJ Visser

KLEUTER- EN LAERSKOOLOOFS
BEDRYFSPAN: VOORSITTER

BESTUUR

GSDP - BEGROTINGSVERGADERING: DINSDAG, 27 OKTOBER

GSDP se begrotingsvergadering vind plaas op **Dinsdag, 27 Oktober 2020 om 19:30** in die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar.

Alle dokumentasie vir die vergadering was op 14 Oktober 2020 aan die lede gestuur. Indien u dit nie ontvang het nie, kontak asseblief die skool by gsdp@gsdp.org.za, sodat ons dit aan u kan stuur.

ICO - BOUSTENE-KURSUS: 31 OKTOBER 2021



Die ICO sou die boustene-kursus vroeër hierdie jaar aanbied en as gevolg van die inperkings het dit nie gebeur nie.

Die bepaling vir toelating tot GSDP is dat beide ouers bogenoemde kursus moet bywoon.

Die Instituut vir Christelike Onderwys bied die kursus aan en die kursus het ten doel om kennis oor die onderwys wat die Here vir ons in Sy Woord leer, te verbeter. Ons vertrou dat hierdie kursus waarde sal toevoeg tot u oënskou van gereformeerde onderwys.

Die kursus bestaan uit agt modules, aangebied deur verskillende aanbieders. Aan die einde van die kursus skryf u 'n kort evalueringstoets en ontvang 'n sertifikaat van bywooning.

Datum:	Saterdag, 31 Oktober 2020
Tyd:	07:45 - 13:30
Koste:	R 130,00 per kursusganger (sluit kursusmateriaal en ligte verversings in)
Plek:	GSDP-Saal
Betaling:	• By laerskoolkantoor met u kaart • Skool se rekening met die verwysing: "naam en van, boustene"

Ouers wat nog nie die kursus bygewoon het nie, het gister 'n skrywe ontvang. Voltooi die antwoordbrief en stuur dit terug na mev Linda Meijer (laerskoolkantoor).

Indien u nie 'n skrywe ontvang het nie en graag die kursus wil bywoon, kontak mev Linda Meijer en "registreer" vir die kursus by (012) 332-3222 x1 / gsdp@gsdp.org.za.

ALGEMEEN

PERSONEEL - VERJAARSDAE

Baie geluk aan die personeel wat binnekort verjaar.

Ons bid dat die Here u ryklik sal seën in die nuwe lewensjaar en dat u elke dag die nabyheid van die Here mag ervaar:

17 Oktober: Mnr Johan Reesink
21 Oktober: Mev Rinske Meyer
24 Oktober: Mev Willemien Jansen
29 Oktober: Mej Mariëtte Hordijk



REGISTRASIE 2021

Die registrasie vir 2021 is steeds oop. Kontak asseblief so gou as moontlik die kantoor, indien u u kind(ers) vir 2021 wil inskryf.

KWARTAAL 4 - 2020

Kwartaal 4: 12 Oktober tot 4 Desember

4 Desember: GSDP sluit op Vrydag, 4 Desember vir alle leerlinge.



KWARTALE - 2021

KWARTAAL 1: 20 JANUARIE - 26 MAART

KWARTAAL 2: 13 APRIL - 25 JUNIE

KWARTAAL 3: 14 JULIE - 23 SEPTEMBER

KWARTAAL 4: 5 OKTOBER - 8 DESEMBER

HOËRSKOOL

ALGEMEEN

Geagte ouers, personeel en vriende

Ons is aan die begin van kwartaal 4. Dit is 'n kort akademiese kwartaal met baie dinge wat moet gebeur. Ek wens elkeen sterkte toe en nooi u uit om saam met ons hierdie kwartaal te geniet.

Ons herinner u aan die bestaande reëling: Leerlinge en ouers moet mekaar asseblief nie in skooltyd kontak nie. Tref alle reëlings via die hoërskoolkantoor. 'n Leerling moet vir mev Marion Boersema versoek om 'n ouer te skakel indien 'n leerling opgelaai moet word.

Matriekdiens - Vrydag, 30 Oktober 2020 - 12:00: Die matriekdiens vind plaas op Vrydag, 30 Oktober 2020 in die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar.

Mnr JG Pretorius

HOËRSKOOLHOOF

AKADEMIE

Eksamen: Alle gr 8- tot gr 11-leerlinge skryf hierdie kwartaal eksamen. GSDP, as onafhanklike skool, het die vryheid om wel eksamen te skryf, al berig die media dat die leerlinge slegs toetse gaan skryf. Die rasionaal agter die skryf van toetse is om na die toetse aan te gaan met skool om sodoende verlore akademiese tyd in te haal.

GSDP sal, wanneer die leerlinge se eksamen begin, op datum wees met die kurrikulum. Ons sal die GSDP-leerlinge geensins benadeel nie - die teendeel is eintlik waar.

Ons voorsien u binnekort van die eksamenrooster.

Afwesig tydens 'n toets / eksamen: Sonder 'n doktersbrief kry die leerling ongelukkig nie punte nie.

Gr 12-leerlinge: Die gr 12-leerlinge woon tot en met 30 Oktober 2021 die skool by. Gedurende hierdie tyd doen die personeel met die leerlinge afronding en voorbereiding vir die finale eksamen.

Die leerlinge begin op Maandag, 19 Oktober met hul praktiese eksamen. Ons wens hulle sterkte toe in hierdie tyd van druk en spanning.

Gr 12 - Eindexamenrooster:

DAG	DATUM	TYDSDUUR	VAK
Ma	19 Oktober	2 ure	LO
Di	20 Oktober	6 ure	Kuns (prakties)
Wo	21 Oktober	3 ure	Rekenaartoepassingstegnologie Vraestel 1 (prakties)
Do	22 Oktober	3 ure	Inligtingstegnologie Vraestel 1 (prakties)
		6 ure	Kuns (prakties)
Vr	23 Oktober	6 ure	Kuns (prakties)
Do	5 November	2 ure	English FAL Vraestel 1
Vr	6 November	2 ure	Afrikaans Huistaal Vraestel 1
Do	12 November	3 ure	Wiskunde Vraestel 1
		3 ure	Wiskunde Geletterdheid Vraestel 1
Ma	16 November	3 ure	Wiskunde Vraestel 2
		3 ure	Wiskunde Geletterdheid Vraestel 2
Di	17 November	2 ure	English FAL Vraestel 2
Wo	18 November	2 ure	Besigheidstudie Vraestel 1
Vr	20 November	3 ure	Fisiese Wetenskappe (Fisika) Vraestel 1
Ma	23 November	3 ure	Fisiese Wetenskappe (Chemie) Vraestel 2
Di	24 November	2½ ure	Afrikaans Huistaal Vraestel 2
Wo	25 November	2 ure	Besigheidstudie Vraestel 2
Vr	27 November	2½ ure	Lewenswetenskappe Vraestel 1
Ma	30 November	2½ ure	Lewenswetenskappe Vraestel 2
Di	1 Desember	3 ure	IGO Vraestel 1
Wo	2 Desember	3 ure	Rekenaartoepassingstegnologie Vraestel 2 (Teorie)
Do	3 Desember	3 ure	Geografie Vraestel 1 (Teorie)
		1½ ure	Geografie Vraestel 2 (Kaartwerk)
Vr	4 Desember	2 ure	Rekeningkunde Vraestel 1
Ma	7 Desember	2 ure	Rekeningkunde Vraestel 2
Wo	9 Desember	2½ ure	English FAL Vraestel 3
Do	10 Desember	3 ure	Verbruikerstudie
		3 ure	IGO Vraestel 2
Vr	11 Desember	2½ ure	Afrikaans Huistaal Vraestel 3
Ma	14 Desember	3 ure	Inligtingstegnologie Vraestel 2 (Teorie)
Di	15 Desember	3 ure	Visuele Kuns (Teorie)

SNOEPIE



Die hoërskool se snoepie is oop!

Betaling geskied met 'n kaart deur die D6-Toep (sien meer inligting in hierdie Info).

Die eerste indrukke van hierdie stelsel is baie positief.

Dit voorkom dat leerlinge kontant by hulle het.

Maak asseblief van hierdie kaart gebruik.

LAERSKOOL

AKADEMIE - EKSTRA KLASSE

Ekstra klasse: GSDP het 'n skrywe gerig aan ouers van leerlinge wat ekstra klasse in 'n sekere vakgebied benodig. Die ekstra klasse begin weer volgende week op die dae en tye, soos aan u bekend. Indien u enige navrae hieromtrent het, kontak asseblief die vakonderwyser.

dag	13:45			14:30
Ma	Afrikaans: Gr 4 (D1)	Afrikaans: Gr 7 (D5)		Afrikaans: Gr 6 (D1)
Di	Afrikaans: Gr 5 (D5)	Engels: Gr 4 (D1)	Wiskunde: Gr 6, 7 (D2)	Engels: Gr 5 (D1)
Do	Wiskunde: Gr 4, 5 (D2)	Engels: Gr 6 (D1)		Engels: Gr 5 (D1)



Afwesighede: Dit is u kind se eie verantwoordelikheid om self die werk in te haal wat hy / sy as gevolg van afwesigheid gemis het. Kommuniqueer asseblief met die registeronderwyser as u kind nie by die skool gaan wees nie. Indien 'n leerling meer as twee (2) agtereenvolgende skooldae afwesig is, benodig ons 'n doktersbrief.

Indien u met vakansie gaan of weens persoonlike redes u kind vir 'n paar dae uit die skool haal, moet u dit skriftelik aan die departements- of laerskoolhoof deurgee.

"Link": Die personeel voorsien elke dag op die verskeie graadgroepe die werk per link aan u deur. Maak asseblief hiervan gebruik.

Toetse en assesseringsopdragte: Leerlinge wat afwesig is tydens 'n toets of assesseringsopdrag, moet asseblief SELF met die onderwyser reël om die toets later te skryf of, indien van toepassing, die assesseringsopdrag later te doen.

Toetse en eksamens: GEEN laerskoolleerling mag tot en met 13 November vroeër huis toe gaan, omdat 'n ouer broer / suster in die hoërskool eksamen-bloktyd het nie.





Skryfbehoeftes: Dit is belangrik dat die leerlinge te alle tye die regte skryfbehoeftes by die skool het - sodoende kan hulle effektief werk. Kontroleer asseblief saam met u kind sy / haar skryfbehoeftes (pen, potlood, skêr, gom, liniaal, skerpmaker en uitveër).

Inspeksie: Ons gaan binnekort weer inspeksie doen!

Probleme / navrae: Indien u 'n probleem of navraag oor 'n sekere vak of onderwyser het, kontak asseblief eers die vak- of register-onderwyser, voordat u die departements- of laerskoolhoof kontak. As u voel u saak is nie hanteer nie, kan u daarna die departements- of laerskoolhoof kontak.




Moet asseblief nie huiwer om ons te kontak as iets u pla of indien daar enige onsekerheid is nie.

Eksamenrooster - November 2020:

Dag en datum	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7
Wo, 11 Nov	-	-	-	EBW (per 2)
Vr, 13 Nov *	Bybelonderrig	Bybelonderrig	Bybelonderrig	Bybelonderrig
Ma, 16 Nov	Afrikaans 2	Afrikaans 2	Wiskunde 2	Afrikaans 2
Di, 17 Nov	Afrikaans 1	Afrikaans 1	Afrikaans 1	Afrikaans 1
Wo, 18 Nov	LO	LO	LO	SW
Do, 19 Nov	SW	SW	Nat & Tegn	NW
Vr, 20 Nov	Engels	Engels	Engels	Engels
Ma, 23 Nov	Wiskunde 2	Kuns	Afrikaans 2	Wiskunde 2
Di, 24 Nov	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde
Wo, 25 Nov	Nat & Tegn	Nat & Tegn	SW	LO
Do, 26 Nov	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis	Tegnologie
Vr, 27 Nov	Kuns	Wiskunde 2	Kuns	Kuns

* Vr, 13 Nov: Toetsperiode

Ma, 11 Nov tot Vr, 27 Nov: Eksamen (12:00)



KOMMUNIKASIE / BOODSKAPPE

Tegnologie maak dit baie maklik om vinnig 'n boodskap via *WhatsApp* te stuur. Indien u **DRINGEND** iets moet uitvind, skakel gerus die laerskoolkantoor, wat sal help, indien moontlik.

SOMERSDRAG

Dit is **verpligtend** dat die laerskoolleerlinge die voorgeskrewe somersdrag aantrek.

Klerebank: Indien u eers wil uitvind of daar skooldrag na u behoefte in die klerebank beskikbaar is, doen asseblief **elektronies** navraag by mev Lienke Reesink (lienke.reesink@gsdp.org.za). Sy sal u navraag elektronies antwoord.

Ons het vir die seuns slegs hempies beskikbaar.

SPESIALE AANBIEDING

ALLE HUIDIGE LAERSKOOKLERE IS TANS BY TOTIUSDAL HANDELSHUIS TEEN
SPESIALE PRYSE BESKIKBAAR.

SPORT EN KULTUUR; BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Is afgestel tot verdere kennisgewing.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan die **dogters** wat binnekort verjaar.

Ons hoop dat almal julle baie sal bederf.

19 Oktober:	Erica Schmitz (gr 2)
20 Oktober:	Dané Badenhorst (gr 3)
	Marike Diedericks (gr 3)
21 Oktober:	Ida van de Wetering (gr 2)
25 Oktober:	Alisha Putter (gr 2)

GELUKKIGE VERJAARSDAG!

Mag dit 'n
daggie
propvol
bederfies
wees vir
jou!

Lekker Verjaar!



AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE

Ons vestig u aandag op die bestaande reël en versoek dat u dit
asseblief gehoorsaam:

AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE

Die roete vir die aflaai en oplaai van leerlinge:

Ingang: Dickensonlaan →
Uitgang: Codonialaan ←

HEKTYE

07:00 - 07:40

13:00 - 13:15

13:30 - 13:45

OPLAAI VAN LEERLINGE

tyd	graad	plek
13:00 - 13:30	kleuterskool	Cunninghamlaam
13:00 - 13:15	gr 1 - gr 3	Dickensonlaan
13:30 - 13:45	gr 4 - gr 7	Dickensonlaan

Gr 1- tot gr 3-leerlinge: Die leerlinge beweeg om 12:55 na die afgemerkte plekke op die kerkterrein waar u van die "pick-up and go"-stelsel gebruik moet maak.

Gr 4- tot gr 7-leerlinge: Die leerlinge beweeg om 13:25 na die afgemerkte plekke op die kerkterrein waar u van die "pick-up and go"-stelsel gebruik moet maak.

Ons versoek dat u asseblief nie voor die hekke parkeer en wag dat die hekke oopmaak nie - dit verhinder die personeel wat op die terrein moet wees se toegang.

TOEGANG TOT GSDP-SKOOLTERREIN

ONS BEVESTIG ONS BESTAANDE BELEID DAT ONS GEEN OOR / BESOEKER OP DIE SKOOLTERREIN TOELAAT NIE. INDIEN U WEL DIE TERREIN MOET BETREE, MOET U ASSEBLIEF VOORAF DIE BETROKKE KANTOOR SKAKEL EN 'N AFSpraak MAAK.

ENIGE PERSOON WAT DIE SKOOLTERREIN BETREE, MOET EERS BY DIE KANTOOR AANMELD EN DIE NODIGE DOKUMENTE VOLTOOI, VOORDAT U U AFSpraak KAN NAKOM.

INDIEN U KIND(ERS) LAAT IS, MOET U HOM / HAAR BY DIE HEK IN CUNNINGHAMLAAN AFLAAI. KONTAK DIE KANTOOR DEUR MIDDEL VAN DIE INTERKOMSTELSEL. U KIND(ERS) MAG DAN INKOM EN OP DIE BANKIES SIT, TOTDAT DIE PERSONEEL DIE NODIGE "SIFTING" DOEN.

NADAT U KIND(ERS) AFGELAAI IS, NEEM DIE PERSONEEL DIE LEERLING(E) SE TEMPERATUUR EN SPUIT DIE HANDE. DIE PERSONEEL HANTEER DIE SIFTINGSVRAELYS GEDURENDE DIE REGISTERPERIODE.

GEEN LEERLING MAG DIE SKOOL BYWOON, SONDER DAT DIE "SIFTING-VRAELYS" IN DIE REGISTERPERIODE GEDOEN IS NIE!

GR 7-AFSKEID

Die gr 7-afskeid vind plaas op Vrydag, 6 November. Die leerlinge ontvang binnekort meer inligting.

Mej Mart-Marí Malan

DEPARTEMENTSHOOF: INTERMEDIÊRE FASE

KLEUTERSKOOL

Welkom terug vir die 4de kwartaal. Ons is gereed vir leer en speel!

VERJAARSDAE

26 Oktober: Albertus von Stade
29 Oktober: Mej Mariëtte Hordijk

**U IS WELKOM OM INDIVIDUEEL-VERPAKTE LEKKERNYE
(SKYFIES, SMARTIES, ENSOVOORTS) SKOOL TOE TE STUUR.**

LIEF EN LEED

Welkom: Baie welkom aan Clarinda Venter en Christiaan Visser (gr RRR - sterretjieklas) en Mhélé Myburgh (gr R - skoenlapperklas).

Hartseernuus: Ons het met leedwese kennis geneem van die afsterwe van die oupa van Liam Haak (Martin Boerrigter). Ons dink aan die familie in ons gebede.

BELANGRIKE DATUMS

Vr, 16 Oktober:	Foto-bestellings: Stuur asseblief alle bestellings teen Vrydag terug skool toe.
Wo, 21 Oktober:	Opedag: 16:00 - 19:00. Nooi gerus belangstellende ouers om die kleuterskool te besoek. Sien advertensie in hierdie Info.

KOSBLIKKE EN WATERBOTTELS

Onthou: Slegs Vrydae is lekkergoeddae. Moet asseblief nie die volgende items deur die week in die kosblik pak nie: *tinkies*, soetkoekies, versuikerde vrugtelekkers, sjokolade-muffins en kolwyntjies.

Waterbottels: Elke kleuter moet asseblief elke dag 'n botteltjie met water skool toe bring. Die kleuters mag net tydens kossie-tyd hul koeldrank drink. Die kleuters moet gereeld gedurende die dag water drink.

Gaskoeldrank: Die kleuters mag nie gaskoeldrank skool toe bring nie.

EKSTRA KLERE EN MASKERS

Ekstra klere: Ons herinner u daaraan om toe te sien dat u kleuter elke dag 'n ekstra stel klere in die tas het. Die kleuters word soms tydens waterspele nat of ons doen "morsige" aktiwiteite - dan is dit nodig dat van die kleuters skoon / droë klere aantrek.

Maskers: Merk asseblief u kleuter se maskers duidelik.

Psalm 118: 1: "Loof die HERE, want dit is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!"

Mev Michelle Harenberg
DEPARTEMENTSHOOF: KLEUTERSKOOL



Dirkieland Kleuterskool

OPEDAG!

Wanneer: 21 Oktober 2020

Tyd: 16:00 tot 19:00

Kom loer gerus hoe lyk ons pragtige kleuterskool!

Kom neem deel aan speletjies en eet 'n lekker worsbroodjie.

Alle bestaande Dirkieland-ouers is natuurlik ook WELKOM!

Bring gerus iemand saam!

Kom ontmoet die graad 1-juffrouens



Parkeer asseblief op die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar se terrein. Ingang: Codonialaan.

Vir enige navrae kontak Mnr Visser by 071-132-7306



GSDP - "SNAPSCAN"

GSDP gee hiermee aan u die "snapscan"-kodes wat u kan gebruik vir betaling:



Gebruik bogenoemde kodes om betalings ten opsigte van skoolfonds en die bergpretloop te maak. U kan betalings in u eie omgewing maak en hoef nie meer skool toe te ry om dit te doen nie.

GSDP - VIRTUELE BERGPRETLOOP - 26/09/2020 tot 31/10/2020



Die virtuele "bergpretloop" se datum is verleng tot **31 Oktober 2021**.

Skryf gerus in en stap 'n pretstap saam met familie / vriende. U kan selfs tydens 'n staproete piekniek hou!

Dit dien as GSDP-fondsinsameling.

Sien GSDP se "facebook"-blad vir meer besonderhede.

HERWINNING

Ondersteun asseblief ons herwinningsaksie. Sodoende dra u, sonder dat u dit agterkom, by dat die skool gereeld "betaling" hiervoor ontvang.



GLAS, PLASTIEK, BLIKKIES, PAPIER

Plaas glas, plastiek, blikkies en papier in die houters by die laerskool, te Cunninghamlaan.

ONDERSTEUN GSDP

BLITS ELEKTRIES

Met aankope te Blitz Elektries, moet u asseblief noem dat u 'n Dirk Postma-ouer of -ondersteuner is. GSDP ontvang 7,5 % op alle aankope.

PICK 'n PAY - WAVERLEY PLAZA



Wanneer u aankope te Pick 'n Pay in Waverley Plaza doen, kan u u kasregisterstrokie in die houer (gemerk "Dirk Postma") gooi. Die skool wat die meeste strokies ontvang, ontvang 'n kontant-bedrag op 'n tyd wat Pick 'n Pay bepaal.

"MY-SCHOOL"-KAART


Hoe werk die "MySchool"-kaart? Vir elke aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart byvoorbeeld Woolworths, kry die skool 'n persentasie. Aan die einde van elke maand betaal MySchool die bedrag oor aan GSDP.



Indien u nog nie 'n "MySchool"-kaart het nie, besoek die webwerf www.myschool.co.za, klik op "Get a MySchool card now" en voltooi die maklike aansoekvorm binne minute.

KONTANTLOOS (D6)

Die skool poog om sover moontlik kontantloos te werk.



Ons het nou verskeie opsies wat u kan gebruik om betalings te maak:

- EFT: Soos altyd gebruik u u familiekode as verwysing
- Kaartfasiliteit: By die laerskoolkantoor
- Snapscan: Die kode is in die Info. Gebruik u familiekode as verwysing. Ons sal snapscan vir projekte aan u voorsien.
- D6-Cashless: Die D6-Cashless werk op die D6-Toep. Gaan in u toep, klik op die "i" regs onder en dan op "cashless". Voor u betalings maak, moet u eers geld in u beursie laai:
 - Gaan na "my beursie" en doen 'n "EFT" na die bankrekening en gebruik die verwysing soos op die skerm getoon.
 - As u beursie gelaai is, gaan na "betaal my gemeenskap". Daar sal u die skoolfonds wat vir die maand uitstaande is, kan betaal, sowel as enige projek wat gekoppel is aan die leerlinge.

Dit werk baie maklik.

Hoeveel is nog uitstaande op my toergeld of veldskool, ensovoorts?

- Onder "betaal my gemeenskap" kan u presies sien wat die skoolfonds is en ook die bedrag uitstaande op projekte, soos toergeld, veldskool, uitstappies, ensovoorts.

Ons gebruik die D6-Toep om inligting aan u deur te gee, soos die Info, reëlins, ensovoorts. Vanaf die vierde kwartaal sal u die Info slegs via die D6-Toep ontvang. Dit is dus baie belangrik dat u die toep aflaai en ingeteken bly. Vind dit op "Google Playstore: D6 connect" (die SWART BLOKKIE).

Indien u enige navrae het oor enige van bogenoemde, kontak mev Irene van der Meer by finansies.